

Vrydag 11 Augustus

Skrifgedeelte: 2 Konings 5:9-15

Fokusgedeelte: 2 Konings 5:10

Jou doop herinner jou dat jy deur die bloed van Christus skoon gewas word van al jou sonde!

Die ongelowige Naäman kom op aanbeveling van 'n gelowige kind na die profeet Elisa om genesing vir sy melaatsheid te vind. Elisa gee Naäman 'n eenvoudige opdrag om hom sewe maal in die Jordaanrivier te gaan was en dan sal hy gesond word. Naäman was aanvanklik nie beïndruk deur die eenvoudige opdrag nie, maar ná oortuiging deur sy personeel gehoorsaam hy tog die profeet se opdrag en word deur God genees deur die water van die Jordaan.

Wanneer hierdie gebeure deur die bril van die Nuwe Testament gelees word, kry dit vir ons nuwe betekenis. In die lig van Jesus se opdrag dat mense met water gedoop moet word, verstaan ons nou dat water die simbool is van God se daad van vergifnis en redding in en deur Jesus Christus. Net soos soos water ons skoon was, word ons skoon gewas van die sonde deur die bloed van Christus! Soos Naäman rein (gesond) geword het van sy melaatheid nadat hy hom met die water gewas het, so was die Here die vuilheid van die sonde van my af deur die versoenende werk van Christus.

Wat 'n heerlike troosvolle teken is my doop dan nie! Om terug te dink dat ek ook met water gewas is wanneer ek besef hoe ek daaglik nog in sonde val en telkens weer die vergifnis in Christus nodig het. Hoe wonderlik dat God aan ons die geloof gegee het en dat hierdie teken elke dag praktiese betekenis in my lewe kry!

Wanneer sonde jou oorval en jy daarmee worstel, gaan dan soos Naäman na God en vind in die geloof vergifnis (skoonwassing) vir jou sonde en lewe soos 'n nuwe mens!

Sing: Skrifberyming 8-1:1

Ds. Piet Venter (Potchefstroom-Oos)